

Wêreldvoedselkrisis: 'n Kwessie van oorlewing

Die jaar 2008 sal onthou word as die tyd wat die Malthus-katastrofe¹ uiteindelik die wêreldgemeenskap getref het. Die wêreld beleef tans 'n voedselkrisis wat aangeblaas word deur verhoogde bevolkingsgroei, verstedeliking, veranderende diëte as gevolg van vooruitgang, defekte handelsbeleide, ekstreme weersomstandighede, stygende brandstofpryse, 'n groei in biobrandstofvervaardiging en finansiële spekulasie. Dit het alreeds gelei tot protesoptogte en geweld in lande van Afrika, Asië, Europa en Suid-Amerika.

Hierdie krisis – die ergste in die nuwe millennium – word vergelyk met die oliekrise van die sewentigs. Destyds was die probleem dat die Arabiese lande die olie-aanbod gereguleer het as straf teenoor die Weste vir hul ondersteuning van Israel in die Yom Kippur-oorlog (wat later vererger het weens die rewolusie in Iran, waar die Westersgesinde Sjah geforseer was om te abdikeer).

Vandag produseer die Arabiese lande olie so vinnig as wat hulle kan en geniet die meevaller van die verhoogde pryse. Nietemin, die probleem vandag is nie die aanbod nie, maar die verhoogde vraag. Die onlangse groei in die ekonomieë van China (gemiddeld 10% per jaar) en Indië (gemiddeld 8% per jaar), met 'n gesamentlike bevolking van meer as twee biljoen – een derde van die wêreldbevolking – is seker die grootste oorsaak van die huidige groeiende vraag na ru-olie en ander hulpbronne.

Neem in ag dat die Olimpiese Spele later vanjaar in China aangebied gaan word. Die voorbereidings alleen vir die Spele was 'n astronomiese investering van 210 biljoen Amerikaanse Dollar – en meeste van hierdie hulpbronne was ingevoer. Volgens die jongste voorspellings gaan die prys van ru-olie styg tot 150 Amerikaanse Dollar per vat na die einde van die jaar.

Die huidige verlede is ook getuie van die rysproduserende lande in Asië en in die Stille Oseaan wat onlangs gebuk gegaan het onder vernietigende aardbewings en vloede wat hul rysproduksie erg geskaad en selfs verwoes het. Rys is die stapelvoedsel van die meeste lande in die wêreld en hierdie gebeure is 'n bydraende faktor tot die rystekorte op die wêreldmarkte en die gepaardgaande styging in pryse.

Paul Robberts² beklemtoon die feit dat voedselproduksie afhanklik is van weersomstandighede. Hy noem onder andere dat die onlangse droogte in Australië, die swak ooste in Kanada en die oorgretige beleid van Amerika en Europa ten opsigte van biobrandstofvervaardiging, gelei het tot 'n verwinging in die wêreld se voedselaanbod teenoor die verhoogde vraag – die gevolg hiervan is 'n styging in die prys van basiese kommoditeite.

Die wêreldverbruik van basiese kommoditeite was die afgelope drie jaar meer as wat geproduseer was en die opgebergte voorrade van hierdie kommoditeite is besig om vinnig te verdwyn – een van die groot redes is die verhoogde vraag vanuit die groeiende ekonomieë van China en Indië en die verwagting is dat die vraag vanaf hierdie twee lande sal aanhou toeneem.

Die wêreld se armste lande en lande wat netto invoerders is van voedsel (soos Namibië) gaan noodwendig die meeste geraak word deur die verhoogde voedselpryse³. Dit tesame met die verhoogde brandstofpryse voorspel 'n sombere toekoms vir hierdie lande oor die kort- tot mediumtermyn.

Aan die begin van Junie 2008 is bekend gemaak⁴ dat die voedselpryse oor die hele Europa met gemiddeld 7,1% gestyg het vanaf April 2007 tot April 2008, teenoor die algemene inflasiekoers van 3,6%. In die armer lande van die Europese Unie was die styging die grootste, met Estonia, Latvia en Lithuania wat prysstygings tot 22% ervaar het, terwyl die prysstygings in Bulgarye die hoogste was met 25%.

Om die saak te vererger het Argentinië, Brazilië, Egipte, Indië, Rusland en Viëtnam almal onlangs beperkings ingestel op die uitvoere van sekere voedselkommoditeite ter wille van hul eie voedselsekureit. Die resultaat hiervan is 'n tekort op die wêreldmarkte wat verder bydra tot prysstygings (Indië en Viëtnam is onderskeidelik die derde en tweede grootste uitvoerders van grane).

Volgens die Amerikaanse Departement van Landbou dra biobrandstof-vervaardiging tot 3% by tot die verhoging in wêreldvoedselpryse, terwyl dit die verbruik van ru-olie met een miljoen vate per dag laat afneem. Gegewe dat die vervaardiging van biobrandstof tans oorheers word deur Amerika, Brazilië en Europa, trek slegs hierdie lande voordeel uit die besparings – hierdie besparings word egter elders deur die wêreldvraag opgeeraap.

Bydraend hiertoe is die stygende koste van kunsmis, wat juis nodig is om hoër opbrengste te verseker. Kunsmisvervaardiging is afhanklik van ru-olieraffinering en is dus ook onderworpe aan die (stygende) pryse.

China, die wêreld se grootste verbruiker van kunsmis, het onlangs 'n heffing van tussen 100% en 135% ingestel op die uitvoer van kunsmis.

Die Verenigde Nasies se Voedselberaad het van 3 tot 5 Junie in Rome plaasgevind om die stygende voedselpryse wêreldwyd aan te spreek. Daar is voorspel dat 'n 50% toename in wêreldvoedselproduksie nodig sal wees teen 2030 om hierdie krisis in die toekoms af te weer – en daarvoor word 15 tot 20 biljoen Amerikaanse Dollar per jaar benodig.

Alhoewel die Beraad 'n voorlopige plan opgestel het om die situasie te beredder, bevat dit nie veel nuwe voorstelle nie, maar dit beklemtoon egter dat daadwerklike aksie nou dringend nodig is. Die plan bepleit verhoogde investering in landbouproduksie en moedig die gebruik van geneties gemodifiseerde organismes (GMOs), bastersade en alternatiewe biologiese kunsmis aan om verhoogde voedselproduksie te bewerkstellig. Ten spyte van al hierdie planne gaan dit tyd neem om te implementeer en bied nie as sodanig 'n korttermyn oplossing nie.

Tydens die Beraad het Japan byvoorbeeld aangekondig dat dit 300 000 ton rys van hul opgebergte voorraad gaan vrystel om die krisis te help verlig. Ongelukkig gaan hierdie hoeveelheid geen noemenswaardige verskil maak aan die huidige wêreldvraag nie.

In Suid-Afrika, vanwaar meeste boerdery-insette ingevoer word, lyk die prentjie net so benard. Die Nasionale Landboubeoordelingsraad het onlangs syfers bekend gemaak van stygings in voedselpryse vanaf April 2007 tot April 2008. Oor hierdie tydperk het byvoorbeeld die prys van bruinbrood gestyg met 21,58%, die van witbrood met 26,37%, uie se prys het met 76,99% gestyg en die van kookolie met 102,65%. Die voedselinflasie vir Meimaand het reeds gestaan op 15,7%.

Daarmee saam het steenkoolpryse in 2008 met 21,2% gestyg op 'n maandgrondslag, wat 'n verdere verhoging in elektrisiteitstariewe gaan veroorsaak. Brandstof se prys het intussen ook verhoog en dit veroorsaak weer verhoogde vervoerkostes. Dit tesame met die jongste verhoging in die uitleenkoers is alles faktore wat tot verhoogde voedselinflasie bydra.

Michael Doyle⁵ het aan die begin van Junie 2008 tydens 'n lesing by die Amerikaanse Mikrobiologiese Vereniging in Boston gewaarsku dat die neiging om rou-materiale en kommoditeite van ontwikkelende lande in te voer, 'n veiligheidsrisiko van voedseldraende siektes inhou vir ontwikkelde lande weens onvoldoende voedselhigiëne- en veiligheidsstandaarde. In Europa en Amerika is verbruikers al hoe meer ingestel op voedselveiligheid en die land van oorsprong (in terme van gesondheid- en higiënestandaarde). Plaaslike produsente moet dus standaarde handhaaf ten alle koste!

In 'n verslag wat in April vanjaar deur ActionAid en South Centre⁶ vrygestel is, was ondersoek ingestel na moontlike oplossings vir netto voedselinvoerlande en lande wat afhanklik is van basiese kommoditeitsuitvoere (soos Namibië). Die studie is dit eens dat die enigste volhoubare oplossing vir die probleem 'n strukturele transformasie is, met ander woorde 'n ekonomiese diversifikasie deur waardetoevoeging.

Volgens die verslag gaan hierdie strukturele transformasie gepaard met die aanvaarding van nuwe tegnologie en die opgradering van bestaandes. Dit beteken noodwendig 'n paradigmaskuif vanaf die produksie van basiese kommoditeite met primêre waardetoevoeging na die verwerking daarvan in finale hoë-waarde produkte. In die verslag word genoem⁷ dat 'n land presies word wat dit produseer en dit het weer 'n direkte invloed het op die land se ekonomiese groei.

'n Verdere bevinding van die verslag is dat lande wat spesialiseer in hoë-waarde produkte met 'n hoë tegnologiese- en vaardigheidsinhoud beter doen op die ekonomiese skaal as lande wat slegs spesialiseer in die produksie van basiese kommoditeite met primêre waardetoevoeging.

Hierdie verslag beklemtoon weereens die noodsaaklikheid van sekondêre waardetoevoeging binne die land. Die regering het in lyn hiermee verlede maand aangekondig dat die uitvoer van tuna as primêre kommoditeit aan die einde van die jaar verban gaan word. Volgens die Minister van Seevisserye is dit 'n strategiese besluit om sekondêre waardetoevoeging in die land aan te moedig (met verwysing na verwerkte gevries- en geblikte produkte) en om plaaslike werkskepping te bewerkstellig.

Waarom kan die regering dan ook nie sekondêre waardetoevoeging in die rooivleisbedryf verpligtend maak nie? Sekondêre waardetoevoeging vind reeds plaas ten opsigte van koring, mahango en mielies, terwyl sekondêre waardetoevoeging van rooivleis tans buite die landsgrense plaasvind en die vergoeding daarvan word nie na die plaaslike produsente teruggeploeg nie. Ndiogou Fall, President van Roppa⁸, het juis onlangs in Rome gesê dat "Landbou in ons lande het verander in 'n myn van rou-materiale vir die Europese voedselindustrie."

Wat staan die produsent te doen onder die huidige omstandighede? Neem in ag dat verbruikers se koopkrag ook afneem teenoor die stygende pryse – verbruikers verskuif dan die inhoud van hul maandelikse voedselaankope na goedkoper en substituuat produkte om prysstygings teen te werk. Hier volg 'n paar algemene voorstelle wat ondersoek behoort te word vir praktiese implementering waar moontlik:

- Behou produksiestandaarde teen alle koste om 'n kwaliteitprodukt te verseker.
- Dring aan op sekondêre waardetoevoeging binne die land, vir hoer vergoeding aan die produsente.
- Doen deeglike vooruit-kontantvloeibeplanning vir inkomstes en uitgawes gekoppel aan spesifieke tydperke - en hou daarby.
- Bespaar op produksiekoste.
- Ondersoek alle moontlike alternatiewe insetkoste – produseer self indien ekonomies.
- Gebruik kontant sover moontlik en gebruik slegs nie-rentedraende kredietfasiliteite.
- Betaal skulde betyds om (ekstra) rente te vermy.
- Stel uitgawes uit.
- Vervroeg inkomste.
- Diversifiseer produksie.
- Ondersoek alternatiewe bemarkingskanale.
- Ondersoek alternatiewe inkomstebronne.
- Deel vervoerkoste na abattoirs, veilings, silo's en ander afsetpunte.
- Deel vervoer vanaf aankoopspunte.
- Maak gerus weer (en meer) lande om voedselproduksie vir huishoudelike- en arbeidsgebruik te verseker.
- Wees innoverend – gebruik inisiatief. Die juweel uit die skatkis van die Afrikaanse taal, "n boer maak 'n plan", gaan in die komende tyd deeglik op die proef gestel word.

(Endnotes)

¹ Thomas Malthus, die Engelse wiskundige en ekonoom, het in die 18de eeu in sy werk "An Essay on the Principle of Population" voorspel dat die mensdom oor verskeie generasies heen sal terugkeer na 'n bestaansvlak weens die feit dat bevolkingsgroei die produksie van voedsel gaan oortref.

² Skrywer van "The End of Food".

³ Vooruitskatting deur die FAO en OECD (Mei 2008).

⁴ Volgens die Europese Unie se statistiekdiens, Eurostat.

⁵ Mikrobioloog aan die Universiteit van Georgia.

⁶ Commodity dependence and development (April 2008).

⁷ Hausmann, Hwang en Rodrik (2005)

⁸ 'n Netwerk van produsente uit 10 Wes-Afrika lande.

Independent Trade Policy Analyst

Wallie Roux